## *VERJAARSDAE : 27 SEPTEMBER TOT 3 OKTOBER 2009*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 09/27 | DANEL | KRITZINGER | VAN RIEBEECKLN 172 | Blok 2 |
| 09/27 | POENA | DE WILLERS | VAN RIEBEECKLN 57 | Blok 3 |
| 09/27 | FRIK | STRYDOM | HOFMEYERWEG 15 | Blok 1 |
| 09/28 | JANEEN | CARSTENS | SMUTSLN 240 | Blok 1 |
| 09/28 | MINARI | NEL | HANS STRIJDOMLN 92 | Blok 3 |
| 09/29 | KLARA-MARI | PRINSLOO | TRICHARDTWEG 2 | Blok 1 |
| 09/29 | BRAAM | FOURIE | KRUGERLN 90 | Blok 3 |
| 09/30 | CARINE | BLIGNAUT | KRUGERLN 141 | Blok 2 |
| 09/30 | YOLANDÉ | VENTER | MAJ LOOD PRETORIUSSTR 32 | Blok 1 |
| 10/01 | ALISE | MARAIS | AZALEA WS 2 | Blok 1 |
| 10/01 | RUAN | ERASMUS | THEODORESTR 45 | Blok 1 |
| 10/01 | JOHAN | ROOS | HANS STRIJDOMLN 30 | Blok 4 |
| 10/03 | MARIÉ | BERTRAND | HANS STRIJDOMLN 52. | Blok 3 |
| 10/03 | JEAN | UYS | HANS STRIJDOMLN 133 | Blok 2 |
| 10/03 | ESMÉ | BARNARD | KRUGERLN 225B | Blok 1 |
| 10/03 | ADÉLE | MULLER | BERYLLAAN 35 | Blok 4 |

## *HUWELIKHERDENKINGS : 27 SEPTEMBER TOT 3 OKTOBER 2009*

| | | |
|---|---|---|
| ***MAANDAG, 28 SEPTEMBER*** | | |
| CAREL EN LIZELLE HAUPT | MONTROSE 7 | Blok 4 |
| ***DINSDAG 29 SEPTEMBER*** | | |
| RIAAN EN NOUSCHKA BURGER | HORTULUS WS 2 | Blok 1 |
| ***SATERDAG, 3 OKTOBER*** | | |
| LEON EN LINETTE LE ROUX | VAN RIEBEECKLN 114 | Blok 3 |
| ARTHUR EN ANNE APPEL | HANS STRIJDOMLN 32 | Blok 4 |

## *SPESIALE GELUKWENSE*

Aan Arthur en Anne Appel, Hans Strijdomln 32 ons hartlike gelukwense met hulle 50ste huweliksherdenking op Saterdag, 3 Oktober. Mag u met die Here se genade nog baie jare saam gespaar bly.

### *LIEWE OUERS VAN ONS SENIOR JEUG : GR 7—12*

Ons wil **ASSEBLIEF** 'n vergadering met u reël vir Sondagaand - direk na aanddiens - op die 18de Oktober 2009. Dit is regtig belangrik dat u daar sal wees.

Ons het 'n paar belangrike punte wat ons onder u aandag wil bring en bespreek en ons het elkeen se inset te nodig hierin.

Ons sien uit daarna om u daar te sien.

Groete

Madelaine Steyn
Sel: 082 354 2455


חי

**Dr Liandi Fourie**
*MBChB(Pret)*
*Algemene Praktisyn*

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

**Chris Hougaardstraat 324**
**Wierdapark**
**012-6530564**




**Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos**

# FAMILIENUUS

**Sondag, 27 September 2009**

**Hartlik welkom in die erediens vanoggend**

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

**SONDAG, 27 SEPTEMBER**
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens: Freddie Schoeman

**MAANDAG 28 SEPTEMBER**
19:00 Bedryfspanbyeenkoms

**WOENSDAG, 30 SEPTEMBER**
19:00 KAF-vergadering

**SONDAG, 4 OKTOBER**
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens: Ds Odie Odendaal

**MAANDAG, 5 OKTOBER**
Skole heropen
19:00 Bedieningspan byeenkoms

**DINSDAG, 6 OKTOBER**
09:00: Sustersbiduur/Bybelstudie

**WOENSDAG, 7 OKTOBER**
17:00 Biduur

**DONDERDAG, 8 OKTOBER**
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Ouderlinge vergadering

**VRYDAG, 9 OKTOBER—SONDAG, 11 OKTOBER**

**GEMEENTEKAMP—BL 2**

**DINSDAG, 13 OKTOBER**
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

**WOENSDAG, 14 OKTOBER**
17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

**DONDERDAG, 15 OKTOBER**
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

### NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

### VOORBIDDING

1. Frieda Collins, Stormstr 259b wat 'n knie-operasie ondergaan het en tuis herstel (Blok 4)
2. Willie en Theresa Smith, Hans Strijdomln 235 met Theresa wat tuis aansterk (Blok 1).
3. Johan en Elize de Beer, Krugerlaan 218 met Johan wat siek is. Ons is dankbaar vir die beterskap. (Blok 2).
4. Shereen en Adam Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se pa wat in die hospitaal was. Ons dank die Here vir goeie beterskap! (Blok 4).
5. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat rekonstruksie-prosedure ondergaan het na die kaping (Blok 1).
6. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

### *MEEGEVOEL*

Ons betuig graag ons innige meegevoel met Johan en Davina Bauer en familie met die afsterwe van Johan se Vader. Ons bid u God se vertroosting en nabyheid toe. Mag julle Sy alomteenwoordigheid intens ervaar.

Die roudiens vind plaas Dinsdagogggend om 10:00 vanuit Valhalla NG Kerk, h/v Fergus– en Bothmaweg, Valhalla.

# GEMEENTEKAMP!

Ons gaan saamkamp en kuier:

Naweek van 9-11 Oktober



Waar: Wally Haywood se plaas anderkant Roodeplaat dam

Akkomodasie:



2 Chalets

5 Woonwa staanplekke (met krag)

Tente: onbeperk sonder krag

Kamers: 3 (3-4 dubbelbeddens)

Kinders: groot "loft" (bring eie matrasse)

Swembad



Koste: R200 per persoon vir hele naweek (kinders onder 18 gratis)



Bring eie kos / stoele / drinkgoed en eetgerei

***En as ek nie die hele naweek kan maak nie? Wel, kom dan net deur vir die Saterdag en kom kuier saam.***

***Om te bespreek of meer inligting te bekom, skakel ds Freddie Schoeman (012) 664-3751 / selfoon: 084 581 8139. U kan hom ook op sy e-pos kontak - fredschoeman@mweb.co.za***



## *CMR LYTTELTON: KRUIDENIERSWARE 2009*

Baie dankie weereens aan u gemeente wat die afgelope paar jare kruideniersware of finansiële bydrae aan CMR Lyttelton geskenk het. Hierdie spreekkamer is werklik baie dankbaar vir die bydraes wat ons elke maand om die beurt van die onderskeie gemeentes ontvang.

Soos u bewus is neem werkloosheid toe en kan hierdie spreekkamer ook die styging in nood in die aanmeldings by die CMR sien. Die reëling wat hierdie kantoor reeds vanaf 1998 met die onderskeie Vrouedienste/Gemeentes binne die Ring van Lyttelton getref het, is baie suksesvol.

Die CMR neem dus weereens die vrymoedigheid om op u 'n beroep te doen om Septembermaand kruideniersware aan ons te voorsien. Dit kan by die CMR-kantore in die sentrum afgelewer word of by die Kerkkantoor—merk asseblief u pakkie "CMR KOSPAKKIE".

### LYS VAN NIE BEDERFBARE ITEMS

**TOILETWARE**

10 Koekies gesigwasseep
5 Sjampoe
5 Tandepasta
5 1 kg pakke waspoeier
5 Koekies sunlightseep
5 Bottels skottelgoedwasseep

**KRUIDENIERSWARE**

5 750 ml bottels kookolie
5 100 gr pakkies melkpoeier
10 2,5 kg pakke mieliemeel
5 Pakke rys of stampmielies
5 Pakke kapokartappels of spaghetti of makaronie
10 Pakkies/blikkies sop
5 Blikke koffie of tee/rooibostee
5 2,5 kg pakke suiker

10 Blikkies sardyne
5 Blikkies tuna/sardiens/kerrievis
5 Blikkies weensewORSies
5 Blikkies frikkadelle

10 Blikkies gemengde groente/kerriegroente
5 Blikkies suikermielies
5 Blikkies uie en tamaties
5 Blikkies sousboontjies/ertjies/groenboontjies
5 Blikkies spaghetti

## GEBEDSNETWERK



Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van 'n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s'n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend 'n sms ontvang. Reageer deur te "reply": "Opsie 1" of "Opsie 2" of "Opsie 1 en 2". (Indien jy nie 'n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur 'n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

## KOM BID SAAM!



Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …
*Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel*



### *GEBEDSBRIEF : SONDAG 27 SEPTEMBER 2009*



Goeie môre Gemeente
Hier is 'n baie interessante stukkie inligting.
Daar is sedert 1989 'n deur oop na 'n biljoen mense wat voorheen nie vryelik met die evangelie bereik kon word nie. Ons praat hier van die Ystergordyn-lande. Hierdie deur het oopgegaan na jare se gebed en geestelike oorlogvoering teen die vesting van kommunisme. Dink aan China met 1.3 biljoen mense waar die deure nog toe is. Daar is die Moslemlande waar meer as 1 biljoen mense woon. Hierdie deur is nog toe. Vandag is daar wêreldwyd 'n gebedsaanslag deur die Christendom teen die vesting van die Islam. Albanië was die eerste sogenaamde ateïstiese land in die wêreld. Na baie jare se gebed het die Here die deur oopgemaak en kan die evangelie vandag in Albanië verkondig word. Meer as 1.5 biljoen mense is in Boeddhisme en Hindoeïsme vasgevang.

In Februarie 1994, na baie jare se intensiewe gebed vir die Boeddhistiese land Bhutan, het die deur oopgegaan vir die verkondiging van die evangelie daar.

Daar is talle meer geslote groepe, wat beteken dat daardie groepe nie met die evangelie bereik kan word nie. Die evangelie moet na alle mense toe geneem word.

Lees 2 Korintiërs 4:3-4 en Efesiërs 2:2-3. Die duisternis wat ons wêreld omhul en die mense se lewe verwoes en vernietig, word veroorsaak deur sonde, vestings van die Bose in mense se gemoed en die invloed van die groot wêreldgodsdienste soos Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam, Sjintoïsme ensovoorts op die mensdom. Hierdie verduisterende invloed van sonde en die mag van die Bose moet weggebid word. Daar waar duisternis is, met ander woorde daar waar die evangelie van Jesus Christus en sy heerskappy van waarheid en vrede nie gevestig is nie, moet die duisternis weggebid word totdat Jesus alles en in almal is.

Ons as Christene het 'n geweldige groot taak op hande om hierdie duisternis weg te bid. Al wat ons, wat baie ver van hierdie wêrelde af is kan doen, is om vir hulle te bid en aanhoudend te bid. Totdat daardie deure almal oopgesluit word. Soos u kan sien neem dit jare van indringende gebed en kan ons nie een dag of oomblik oorslaan nie. Wanneer u bid, sluit hierdie tema ook in u gebed in. Dit kan 'n groot verskil maak.

Jesus Groete

Gebedspan

## DANKOFFER PER INTERNET



Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloof-offer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 335 045
Gemeentefonds (vir dankoffers) 600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

## *VAKANSIE BY MARLOTHPARK ...*



Geniet 'n heerlike vakansie terwyl die Parknaval met die netto opbrengs begunstig word.
Geleë teen die Krokodilrivier tussen Malelane en Komatipoort +- 90 km vanaf beide Maputu en Swaziland.

3 x Dubbelbed en suite kamers; 1x Bo vertrek (Loft) met 4 enkel beddens; totaal 10 persone. Tarief: R200 Volwassenes R150 Kinders 6-18 jr per persoon per dag

Vir besprekings kontak Heinz Meissner : Tel 012 664 3759 / Sel 082 806 8530
e-pos heinzmeissner@vodamail.co.za

## *DANKIES ...*

***RIA MAREE*** sê aan **ALMAL** wat op een of ander manier 'n bydrae/hulp by die pannekoektafel gelewer het tydens die Parknaval, baie dankie — u bydrae/hulp is van onskatbare waarde.

***ALET VENTER*** sê baie dankie aan **ALMAL** wat 'n bydrae van watter aard ookal gemaak het asook persone wat hulp verleen het by die koektafel by die Parknaval. Sonder u hulp en bystand sou ons nie so 'n mooi bedrag kon in nie!

***HEINZ EN VASTHI MEISSNER:*** Ons wil graag ons innige dank en waardering betuig aan **ALMAL** wat so onbaatsugtig en mildelik bygedra het tot die sukses van die Parknaval-poedingtafel, hetsy in die vorm van poedings of kontant. Baie dankie ook aan ons ywerige kollegas by die tafel – julle is ware staatmakers!



LYTTELTON DIENSSENTRUM

Potgieterstraat Lyttelton

## *SIMPOSIUM*

## *LEER MEER OOR BEROERTE*

9 Oktober 2009 : 08:00—12:30

Van die onderwerpe is:

- Mediese perspektief op beroerte: Dr Wiebren Duim (Neuroloog)
- Rehabilitasiemoontlikhede: Nicola Naudé (Fisioterapeut)
  Nicky Adams (Arbeidsterapeut)
  Megan Barnes (Spraakterapeut)

Registrasie fooi: R35.00 per persoon

## *RUSOORD : LENTEMARK—FONDSINSAMELING*

31 Oktober 2009 (van 08:00 -12:00)

Die fondse word gebruik om verswakte bejaardes te help wat nie finansieel instaat is om die volle versorgingskoste te betaal nie.

Ons benodig nog die volgende:

- Items vir die witolifanttafel. Dis die ideale tyd om stoorkamers, wendyhuisies, gangkaste en motorhuise leeg te maak en alles wat u nie nodig het of gebruik nie, vir ons te bring.
- Koeke en gebak vir ons koektafel.
- Ons benodig ook tuinmeubels vir 'n nuwe tuin wat ons vir die altzheimer-pasiënte wil inruim.

## *ROMMELVERKOPING VIR BYBELVERSPREIDING*

Die Getuienisaksie se volgende rommelverkoping vir verspreiding van Bybels vind plaas op ***DINSDAG 3 NOVEMBER*** vanaf 06:30. U kan nou reeds u kaste nagaan en wat nie meer vir u van nut is nie, sal vir iemand anders nog handig te pas kom.

Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (664-3364) en Dries van der Merwe, Van Riebeeckln 149 (664-2469) ontvang graag hierdie artikels.

Hou asseblief Maandag 2 November oop en kom help ons om die artikels te merk in die Gemeentesentrum vanaf 09:00.

# Gemeentestruktuur

Die doel van die struktuur van die gemeente is om ons visie, *Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader,* so effektief as moontlik uit te voer. Dit is daarop gemik om dissipels te maak wat baie vrugte dra en is derhalwe gebou rondom vyf kernprosesse. Elkeen van hierdie prosesse is gefokus op een aspek van die vorming van dissipels. Vir dissipels om gevorm te word moet daar vyf dinge gebeur:

- hulle moet gewerf word,
- hulle moet versorg word,
- hulle moet toegewyd gemaak word,
- hulle moet toegerus word vir dienswerk en
- hulle moet uitgestuur word om God se liefde uit te dra.

Om dit te doen is vyf prosesse ontwikkel wat deur onderskeie bedieninge van die gemeente ondersteun word: Die prosesse is:

- die *inkomproses* (wat mense deel maak van die gemeente),
  - ⇒ Die Alpha– kursus, gasvryheidsbediening, gesins– en kinderbediening, Oppokoffie, nuwe intrekkerbediening, Parknaval en ander evangelisasie projekte.
- die *versorgingsproses* (wat mense wat deel is van die gemeente versorg),
  - ⇒ Die omgeebediening (hospitaal– en siekebesoek, traumabediening, berading—o.a. telefoon en e-pos), gebedsnetwerk, helpmekaarbediening, begrafnisbediening, Klub Immergroen en ander soortgelyke bedieninge)
- die *toewydingsproses* (wat lidmate help om naby aan die Here te leef),
  - ⇒ Beplanning van eredienste (sang en musiek, klank en projeksie, blomme en simboliek, spesiale sangdienste ens.), bidure en Bybelstudiegroepe, gebedsbediening
- die *toerustingsproses* (wat toegewyde lidmate help om hulle potensiaal te ontdek),
  - ⇒ Ontdek jou Potensiaal werkswinkel en leierskapontwikkelingsprogram
- die *uitstuurproses* (wat toegeruste lidmate uitstuur om vrugte te gaan dra en 'n verskil te gaan maak in hulle wêreld.)
  - ⇒ Voedselprojek (Grace Manna), Bybelverspreiding, Aksie Arbeiders vir die Oes (Kruiswegkoffiekroeg, Straatkinderrehabilitasiesentrum, Matlala uitreike)

Hierdie prosesse word gekoördineer deur die *Bedieningspan,* en ondersteun deur vyf taakgroepe: Taakgroep vir Eiendom, Taakgroep vir Finansies, Taakgroep vir Administrasie, Taakgroep vir Kommunikasie en die Taakgroep vir Personeel (wat op hulle beurt weer deur die *Bedryfspan* gekoördineer word).

Die Bedieningspan en die Bedryfspan word bestuur deur die Bestuurspan. Die Bedieningspan vergader elke tweede Maandagaand en die Bedryfspan en die Bestuurspan om die beurt die ander Maandagaande.





# OMGEEBEDIENING

**Doel: Om mense in ons gemeente wat in nood verkeer om welke rede ook al met liefde en deernis by te staan.**

Dit gebeur dikwels dat die onverwagte gebeur: siekte, dood, krisis (inbraak, kaping ens.), finansiële terugslag, werksverlies of –nood. 'n Gemeente moet gerat en georganiseerd wees om mekaar hierin by te staan op een of meer van die volgende maniere:

- Besoeke om te bemoedig en by te staan
- Praktiese hulpverlening (maaltye, ens.)
- Mediese en ander soortgelyke hulp
- Finansiële bystand
- Ander praktiese dienslewering

Daar is ook ander vorms van nood soos: eensaamheid, bewegingsbeperktheid en verlies van allerlei aard. Die Here het aan sommige van ons spesifieke gawes en talente gegee wat ons kan aanwend om mense in nood by te staan.

**VOLGENDE BYEENKOMS:** Maandag 28 September om 19:00 in die gemeentesentrum.



# *Alpha*

***'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek***

***19 Januarie 2010—23 Maart 2010***

***Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00***
***Kom vra jou vrae***
***Kom verken die terrein van die geloof***
***Kom deel in die saamwees***

***Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by***
***http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm***

# Gemeente-struktuur soos goedgekeur tydens die jongste kerkraadsvergadering

